HOOFSTUK

# 5 Opsomming

## Tasbare bates

- Tasbare bates word aangekoop vir die daaglikse gebruik en nie vir herverkoopdoeleindes nie.
- Indien die tasbare bates nie meer effektief gebruik kan word nie moet hulle vervreem word.
- Sommige redes vir oneffektiwiteit:
  - Toerusting kan tegnologies agter raak omdat hulle nie by die nuutste tegnologiese ontwikkeling bybly nie
  - Oorkapitaliseer. Tasbare bates aangekoop maar hulle word nie gebruik.
  - Oorbodig, opgebruik, onbruikbaar, oorbodig.

## Ouderdom van bates

- Ouderdom van bates moet bestuur word volgens tegnologiese vooruitgang en die bate is nie langer ekonomies bruikbaar nie.

$$\frac{\text{Waardevermindering vir die jaar}}{\text{Kosprys van bate}} = _____ \text{ jare}$$

## Vervangingskoers van bates

Vervangingskoers = Kosprys van nuwe bate – Drabedrag van ou bate

## Lewensduur van bates

- Die aantal jare wat die bates bruikbaar sal wees.
- Dit hang van die aard van die bate af. Byvoorbeeld, die tegnologiese vooruitgang sal bepaal hoe lank die maatskappy in staat sal wees om ’n rekenaar te gebruik. Ook die aantal eenhede wat geproduseer kan word sal die aantal jare wat ’n masjien daardie eenhede kan produseer, bepaal. Die afstand wat deur ’n voertuig afgelê kan word sal die lewensduur van die voertuig bepaal.

## Interne beheer

- Behoorlike prosedures vir die aankoop, ontvangs, teboekstelling en vervreemding van tasbare bates.
- Bates moet ’n strepieskodenommer kry wanneer dit aangekoop word.
- Bates se waarde moet behoorlik vasgestel word en die kosprys moet installeringskoste en enige koste om die bate bruikbaar te kry, insluit.
- Tasbare bates moet behoorlik in die boeke van die maatskappy te boek gestel word.
- Deurlopende identifikasie van tasbare bates moet gedoen word. Verslae oor die bevindinge moet geskryf word.
- Vermiste/beskadigde tasbare bates moet aangemeld word.

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.